



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1580(A)(J12)H

NATIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5

(4021165)

12 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n antwoordboek van 12 bladsye.


DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Skryf jou EKSAMENNOMMER in die gegewe spasie op die voorblad van die ANTWOORDBOEK hierby aangeheg.
 4. Antwoorde in potlood sal NIE nagesien word nie.
 5. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A: FINANSIËLE REKORDHOUDING**VRAAG 1**

Gebruik die volgende foutiewe proefbalans van Glory Travel op 31 Maart 2019 om die volgende op te stel:

- 1.1 Gekorrigeerde proefbalans van Glory Travel op 31 Maart 2019 (24)
- 1.2 Inkomstestaat van Glory Travel vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 (15)
- 1.3 Balansstaat van Glory Travel op 31 Maart 2019  (22)


	DEBIET	KREDIET
AFDELING VAN BALANSSTAAT		
Kapitaal	500 000	
Onttrekkinge	4 000	
Voertuie	220 000	
Toerusting	155 000	
Meubels	87 000	
Bank	9 600	
Kleinkas	800	
Debiteure	15 000	
Krediteure	24 800	
Vaste deposito: ZZ Bank	80 000	
Lening: Global Bank	20 000	
NOMINALE REKENINGE-AFDELING		
Kommissie ontvang	43 000	
Huurgeld ontvang	10 000	
Rente op vaste deposito: ZZ Bank	1 600	
Advertensies	4 000	
Brandstof	6 500	
Lone	16 300	
Verversings	2 400	
Versekering	7 500	
Ledegeld	2 500	
Voertuiguitgawes	2 000	
Water en elektrisiteit	6 000	
	1 218 000	




[61]

VRAAG 2

Teken slegs die toepaslike krediettransaksies vir April 2019 in die gegewe joernale van Glory Travel aan. Sluit hierdie joernale af aan die einde van die maand.

- 2.1  Debiteurejoernaal (kolomme vir debiteure, kommissie ontvang en krediteure) (20)
- 2.2 Krediteurejoernaal (kolomme vir krediteure, meubels, skryfbehoeftes en diverse rekeninge) (17)

Kommissiestruktuur: Kaartjies: binnelandse vlugte – 7% Kaartjies: internasionale vlugte – 9% Toere en verblyf – 10% Motorhuur en reisversekering – 15%	Brondokument: Fakture uitgereik: L33 en verder Fakture ontvang: Hernommer vanaf T54 
--	--

DAG	TRANSAKSIE
1	TWEE Mango-vlugkaartjies na Lanseria op krediet verkoop aan T. Tiyo, R1 350 per kaartjie
3	TWEE lessenaars (R1 500 elk) en TWEE rekenaars (R7 500 elk) op krediet gekoop by Game
4	Faktuur aan FNB uitgereik vir aansporingsreise wat aan hulle verkoop is. TIEN toerpakkette na Mauritius deur Thompson Tours vir R15 000 per pakket
4	Motorhuur deur AVIS op krediet verkoop aan L. Smith, R2 000
6	Faktuur vir R1 700 van Waltons ontvang vir lêers en drukkerpapier wat by hulle bestel is
9	BA-vlugkaartjie na Londen verkoop aan R. Xongo vir R7 600. Met haar kredietkaart betaal
13	Faktuur ontvang van Checkers vir melk, suiker, koffie en tee wat by hulle bestel is, R3 500
13	Bedrag aan Mango verskuldig is betaal
15	Reisversekering op krediet verkoop aan J. Jwara vir R1 670. TLC sal die diens verskaf
17	Faktuur aan A. Adams gestuur vir TWEE vlugkaartjies na Sydney met Qantas, R23 600 per kaartjie
20	Drukkerink op krediet gekoop by Incredible Connection, R2 000 
25	Liasseerkabinette by Game gekoop en met tjek betaal, R6 500
25	Faktuur ontvang van GG Garage vir herstelwerk aan die afleweringvoertuig, R4 300
30	Faktuur van R2 360 ontvang van Waltons vir liasseerkabinette wat bestel is

[37]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die voorskotbedrag hou verband met die wisselgeldrekening in die algemene grootboek.



3.1.2 Kleinkas is 'n bedryfslas.


3.1.3 Vaste bates kan nie uit die kleinkas gekoop word nie.

3.1.4 'n EFT wat van 'n kliënt ontvang word, word in die kontantontvangstejoernaal aangeteken.

(4 × 1)

(4)

3.2 Kies 'n brondokument uit KOLOM B wat gebruik word om die joernaal in KOLOM A te voltooi. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Kontantbetalingsjoernaal	A	duplikaatkwitansies
3.2.2	Kontantontvangstejoernaal	B	kleinkaskwitansie
3.2.3	Kleinkasjoernaal 	C	fakturebewys
3.2.4	Debiteurejoernaal	D	duplikaatfaktuur
3.2.5	Krediteurejoernaal	E	tjekteenblad
		F	oorspronklike faktuur
		G	kleinkasbewys

(5 × 1)

(5)

3.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3.1 Die totaal van die debiteurekolom in die kontantontvangstejoernaal sal na die ... -kant van die debiteurerekening in die algemene grootboek oorgeplaas word.

- A debiet
- B krediet
- C Geen van bogenoemde

3.3.2 Die totaal van die krediteurekolom in die kontantbetalingsjoernaal sal na die ... -kant van die krediteurerekening in die algemene grootboek oorgeplaas word.



- A debiet
- B krediet
- C Geen van bogenoemde

3.3.3 Die totaal van die krediteurekolom in die debiteurejoernaal sal na die ... -kant van die bankrekening in die algemene grootboek oorgeplaas word.

- A debiet
- B krediet
- C Geen van bogenoemde

3.3.4 Die totaal van die lonokolom in die kontantbetalingsjoernaal sal na die ... -kant van die lonerekening in die algemene grootboek oorgeplaas word.



- A debiet
- B krediet
- C Geen van bogenoemde


(4 × 1)

(4)



[13]


VRAAG 4

Nadat jy die bankstaat en kontantjoernale van Glory Travel vergelyk het, word daar van jou verwag om die volgende te doen:

- 4.1 Maak die bykomende inskrywings in die kontantontvangste- en kontantbetalingsjoernale (slegs bank-kolom). (10)
- 4.2 Plaas die totale van die joernale oor na die bankrekening in die algemene grootboek en balanseer die rekening.  (6)
- 4.3 Stel 'n bankrekonsiliasiestaat saam op 31 Mei 2019 om die saldo van die bankrekening met dié van die bankstaat te rekonsilieer. (10)

INLIGTING:

- a. Die bankstaat het 'n kredietsaldo van R433 000 getoon.
- b. Die bankrekening in die algemene grootboek het op 1 Mei 2019 'n debietsaldo van R344 770 getoon.
- c. Die totaal van die bank-kolom in die kontantontvangstejoernaal op 31 Mei 2019 was R80 500.
- d. Die totaal van die bank-kolom in die kontantbetalingsjoernaal op 31 Mei 2019 was R78 000. 
- e. 'n Kredietinskrywing verskyn op die bankstaat vir 'n deposito van R20 500 wat J. Jones direk in die bankrekening gemaak het.
- f. 'n Debietorder van R5 500 ten gunste van MTN vir die besigheid se WiFi is op die bankstaat gedebiteer.
- g. Die bankkoste vir die maand was R1 400.
- h. Die bank het 'n tjek na die trekker, L. Lekay, verwys weens onvoldoende fondse. Die tjek is vir R6 500 uitgemaak.
- i. Die bedrag van R32 800 verskyn nie op die bankstaat nie, maar is in die kontantontvangstejoernaal aangeteken as 'n direkte deposito van K. Koro.
- j. Die bank het 'n fout gemaak deur die rekening verkeerdelik met R15 000 te krediteer.
- k. Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:
- | | | |
|--------|---------|---|
| Nr. 24 | R33 800 | |
| Nr. 30 | R12 000 | |
| Nr. 37 | R1 900 |  |
| Nr. 44 | R3 330 | |

- l. 'n Deposito van A. Allan is op die laaste dag van die maand ontvang vir internasionale vlugte wat vir R25 000 verkoop is. Dit is in die kontantontvangstejoernaal aangeteken, maar verskyn nie op die bankstaat nie.
- m. 'n Debietorder van R4 600 ten gunste van FNB (paaient op 'n lening) is van die bankrekening afgetrek. 
- n. 'n Deposito van R75 000 wat deur T. Theron direk in die bankrekening oorgeplaas is, verskyn nog nie in die kontantontvangstejoernaal nie.

[26]

VRAAG 5




Voltooi die faktuur wat vir die volgende transaksie in die ANTWOORDBOEK gegee is:

Jy is S. Smith en jy werk vir Glory Travel. Vandag is 1 Junie 2019 en Old Mutual koop VYF vlugkaartjies na Kaapstad op krediet met Mango, R2 200 per kaartjie. Hulle koop ook motorhuur vir VIER dae op krediet by Bidvest Car Rental, R399 per dag. Reik faktuur nommer LL447 aan hulle uit.

[13]

**TOTAAL AFDELING A:****150****AFDELING B****VRAAG 6**

- 6.1 Verduidelik kortliks die oorsprong van die Suid-Afrikaanse Reg deur na die volgende te verwys: 
- 6.1.1 TWEE lande wat 'n invloed op die huidige Suid-Afrikaanse Reg gehad het. (2)
- 6.1.2 Die taal wat algemeen in howe in Suid-Afrika gebruik word. (1)
- 6.2 Een van die vereistes van 'n geldige kontrak is dat die partye handelingsbevoegdheid moet hê.
- 6.2.1 Noem enige VYF ander vereistes van 'n geldige kontrak. (5)
- 6.2.2 Verduidelik wat *handelingsbevoegdheid* is. (2)
- 6.2.3 Onderskei tussen die DRIE kategorieë van handelingsbevoegdheid deur elke kategorie te noem en kortliks te beskryf, sowel as 'n voorbeeld van elke kategorie te gee.  (3 × 3) (9)
- 6.3 Partye moet vrye wilsooreenstemming hê om kontrakte aan te gaan, of hulle nou aanbied of aanneem. Daar is egter redes waarom vrye wilsooreenstemming tussen partye kan ontbreek.
- Noem en verduidelik kortliks DRIE sulke redes. (3 × 2) (6)

- 6.4 Verduidelik die handelingsbevoegdheid van die volgende partye:
- 6.4.1 Bevoegdheid van die geestesongestelde persoon (3)
- 6.4.2 Bevoegdheid van 'n dronk persoon  (3)
- 6.4.3 Bevoegdheid van 'n getroude vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is. (2)
- 6.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.5.1–6.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.
- 6.5.1 Dit is onwettig om seesand van Clifton as 'n aandenking te verkoop.
- 6.5.2 Om jou selfoon vir 'n tablet te verruil, is 'n verkoopkontrak
- 6.5.3  Die lewering van 'n nuwe motor sal met die kort hand plaasvind.
- 6.5.4 Die lewering van 'n nuwe huis sal deur simboliese lewering plaasvind.
- 6.5.5 Wanneer jy goedere uit die VSA bestel, sal jy in VS-dollar moet betaal. (5 × 1) (5)
- 6.6 Die kredietverskaffer in 'n kredietooreenkoms kan moontlik die verkoper van 'n ander instelling wees.
- Noem EEN voorbeeld waar die verkoper die kredietverskaffer is en EEN voorbeeld waar 'n ander instelling die kredietverskaffer is. (2 + 2) (4)
- 6.7 Noem enige DRIE artikels wat in die jongste Kredietwet gedek word. (3)
- 6.8 Die jongste Kredietwet is streng oor die verskaffing van krediet.  (5)
- Noem VYF soorte dokumentasie wat die lener moet verskaf wanneer hy/sy aansoek doen vir krediet. [50]
- TOTAAL AFDELING B: 50**
GROOTTOTAAL: 200

REISKANTOORPROSEDURES N5**ANTWOORDBOEK**

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG	MERKER	HOOF- MERKER	INTERNE MODERATOR
1			
2			
3			
4			
5			
6			
TOTAAL	/200	/200	/200
	%	%	%



EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 2

2.1 DEBITEUREJOERNAAL VAN GLORY TRAVEL VIR APRIL 2019

Fak- tuur- nr.	Dag	Debiteur	Krediteur	Fol.	Totaal debiteure	Kommissie ontvang		Krediteure	

(20)



EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--



2.2 KREDITEUREJOERNAAL VAN GLORY TRAVEL VIR APRIL 2019

Fak- tuur- nr.	Dag	Krediteure	Fol	Totaal krediteure	Meubels	Skryf- behoefes	Diverse	Fol	Besonderhede van diverse



(17)
[37]





EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 _____
- 3.1 3.1.2 _____
- 3.1 3.1.3 _____
- 3.1 3.1.4 _____ (4 x 1) (4)

- 3.2 3.2.1 _____
- 3.2 3.2.2 _____ 
- 3.2 3.2.3 _____
- 3.2 3.2.4 _____
- 3.2 3.2.5 _____ (5 x 1) (5) 

- 3.3 3.3.1 _____
- 3.3 3.3.2 _____
- 3.3 3.3.3 _____
- 3.3 3.3.4 _____ (4 x 1) (4)

[13]

EKSAMENNUMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--



VRAAG 4

4.1

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL

(10)

4.2

ALGEMENE GROOTBOEK VAN GLORY TRAVEL



BANK									

(6)

4.3

BANKREKONSILIASIESTAAT VAN GLORY TRAVEL OP 31 MEI 2019

	DEBIET	KREDIET

(10)
[26]



EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--



VRAAG 5

Kredietverkopefaktuur		Nr.		
GLORY TRAVEL				
BESIGHEIDSEENHEID 12B				
POLOKWANE				
0699				
Tel: 015 229 4890				
Aan:				
Hoeveelheid	Beskrywing	Verskaffer (krediteur)	Eenheidsprys	Bedrag
Kliënt se handtekening: <i>A ADAMS</i>				
Reisagent se handtekening: <i>S SMITH</i>				
Datum:				



[13]

TOTAAL AFDELING A:

150

EKSAMENNUMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

AFDELING B

VRAAG 6



6.1 6.1.1 _____

(2)

6.1.2 _____

(1)

6.2.1 _____



(5)

6.2 6.2.2 _____

(2)

6.2.3 _____



(9)

EKSAMENNUMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

6.3



(6)

6.4

6.4.1

(3)

6.4.2



(3)

6.4.3

(2)

6.5

6.5.1

6.5.2

6.5.3

6.5.4

6.5.5

(5 x 1)

(5)

6.6



(4)



EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

6.7

(3)

6.8

(5)

[50]



TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 200